# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 24 Julie 2016**

*"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie,want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin". 1 Johannes 5:4-5*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Kenani Dienssentrum.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vandag om 10:15. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Danie) en **09:30** op Vleesbaai (ds André). Kinderkerk (ds Robert).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Herberg Kinderhuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos gewoonlik, Gr 9's wat 11:00 is.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 2 se sitkamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Dinsdag 09:30 in die kerksaal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 te 17de Laan pastorie en om 19:00 by Tienie Bothastraat; Donderdag om 09:00 Vleesbaai/Rietvlei en Boeklees groep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat".

**BANKBESONDERHEDE**


*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Julie **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTES:** Die deurkollekte vir die Gideons was R3 116-30 en díe vir DBV was R2 107-60.

**LENTEDANKFEES:**




Ons basaar is DV op 2 September om 17:00 in die kerksaal. Die dienswerkers begin loop met die kollektelyste. Volgende week sal ons die konvenors se inligting op die afkondiginge hê.

### *SAAMKUIER NA DIENS*





*Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.*



**KOMMUNIKASIE:** Indien u oor 'n epos-adres beskik en dit nog nie aan die kerkkantoor deurgegee het nie, stuur asb 'n epos met u adres en selfoonnr. na die kerkkantoor: ngkerkmsb-suid@absamail.co.za. Indien u 'n nuwe selfoonnommer kry, stel dit ook asb by die kantoor reg of gee u nommer deur as die kerkkantoor dit nog nie het nie.

**Botswana uitreik:** Die uitreikspan is veilig terug na 'n geseënde uitreik in Werda. Ons sal binne die volgende 3 weke terugvoering gee. Weereens baie dankie vir alle bydraes en ondersteuning. Dankie ook aan almal wat vir ons gebid het. Al die perskes en rosyne is verkoop en het 'n groot bydrae tot ons uitreifondse gelewer. Dankie








# GEBEDSBULLETIN



**JULIE se tema: Koninkryksvisie.**

**Dank die Here die week vir:**

- Almal wat op reis was en veilig terug is
- Geseënde Botswana-uitreik en bewaring.
- Ons gemeente se projekte wat gerig is op die koninkryk van God (nie bloot ons eie voortbestaan nie).
- Die werk van Kenani tov versorging van mense in nood (behuising, verpleging, gestremdes, sopkombuise)

**Bid hierdie week vir:**

- Vir 'n koninkryksvisie - om 'n visie te hê vir God se werk in die wêreld en nie net my eie behoeftes, kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite besig te bly nie.
- Die naderende dankfees en lyste wat uitgaan. Op hierdie stadium is die gemeente weer heelwat agter op die begrote inkomste.
- Ons sendelinge: Neels en Esmé wat binnekort by 'n bediening op George aansluit; Hugo en Jakkie Wolmarans kom na SA om gemeentes te besoek.
- Suid-Afrika en Mosselbaai - plaaslike verkiesing.
- Vir die Kerk in Suid-Afrika om 'n verskil te maak en hoop te bring.
- Uitkoms in areas waar dit steeds baie droog is.
- Hoërskool Punt se matriekafskeid 30 Julie.
- Waardeprogram by Laerskool Park.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:



*Pieter Kempen van Boggomsbaai, Lukas Muller Kleinberg, Magriet Strampe Mckinnerystraat, Dirk van Noordwyk Con vd Watstraat, Johan Barkhuizen 19de Laan, Mara Odendaal 22ste Laan, André Cremer 12de Laan, Denise Steenkamp Sigmastraat , Tilla en Pierre Swart Kokerboomstraat, Lucia Laubscher Santos Haven, Annatjie Smith Blombosch, Anita Steyn De Bosse, Sue Mongie Madeliefie, Rolene Jacobs Stinkhoutstraat, Pierre* en Annatjie Scott, Santos Haven.